W.19 FYNBABERGRAS/FINE OXYGEN WEED

(*Lagarosiphon muscoides* Harv.)

Familie: Hydrocharitaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Fynbabergras is 'n onderwaterplant wat dig bedek is met effens omgebuigde lintvormige blare. Die taamlike slap stingels ontwikkel uit 'n risoom en is tot 1 m lank en 0,5 tot 2 mm dik. Die blare is sag en dun, omtrent 10 mm lank en tot 1,5 mm breed met baie fyn getande blaarrande. Die wit tot pienk blomme is slegs 'n paar mm in deursnee en dryf op die oppervlak van die water. Manlike blomme breek los van die plant terwyl die vroulike blomme d.m.v. lang, slanke stingels aan die plant geheg bly. Die smal, eiervormige vrug is 5 tot 10 mm lank en bevat omtrent 9 sade.

Verwante spesies

Vyf spesies van *Lagarosiphon* word in Suider-Afrika aangetref. Hulle lyk baie na mekaar maar kan rofweg in twee groepe verdeel word: (1) Plante met sagte, slegs effens omgebuigde smal blare, 0,5 tot 2 mm breed en (2) Plante met fermer,



sterk omgebuigde blare wat 2 tot 3 mm breed is. Fynbabergras behoort aan groep (1) maar kan van die ander twee lede van die groep onderskei word deurdat sy blare 'n baie smal kleurlose rand het. Die blare van die ander spesies in hierdie groep is groen, insluitende die blaarrand.

Verspreiding

Die plant kom wydverspreid dwarsdeur die somerreënstreek van Suider-Afrika voor. Dit word ook in Botswana en tropiese Oos-Afrika aangetref.

Ekologie

Fynbabergras floreer in beide stilstaande en vloeiende water 0,5 tot 1,5 m diep en kan digte massas vorm. Dit versprei d.m.v. saad en deur regenerasie van afgebreekte stukkies van die plant.

Belangrikheid

Fynbabergras kan soms 'n plaag word deurdat dit vlak damme en riviere toegroei en verstop.

Wetgewing

Hierdie plant, asook al die ander lede van sy familie, is verklaarde, skadelike onkruide dwarsdeur die Republiek van Suid-Afrika (Proklamasie 252/1956 (Staatskoerant 2002/2 Nov. 1956) van die Wet op Onkruide (Wet No. 42 van 1937).

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is afgelei van die Griekse woorde *lagaros* = slank; *syphon* = buis; *muscoides* = wat soos mos lyk.

Spesienommer: 0088.000 - 00400

Literatuurverwysings

GIBBS RUSSELL, G.E. 1977. Keys to vascular aquatic plants in Rhodesia. *Kirkia* 10 (2): 411 - 502.

MUSIL, C.F., 1973. *Water plants of Natal - a guide to the important species.* The Wildlife Protection Society of South Africa.

OBERMEYER, A.A., 1966. Hydrocharitaceae in Codd, L.E., De Winter, B.& Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.

WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1 - 66.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Perskor vir die Staatsdrukker, Pretoria en verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria

1980